

Inhoud Hierdie preek wys hoe Jesus Christus dissipels as apostels gekies en aangestel het voor hulle in sy lyding en opstanding uit die dood uit geglo het. Die Here Jesus maak van vervolgers van sy kerk, bedienaars van sy Woord en tekens. Ons moet hierdie geloof in die Here behou in 'n kerk waarin kerkvergaderings en teologiese skole hulle wie die Here geroep het, oplei om van die aanbidding van die Here puinhope onder die banier van hulle geestelikheid te maak. .

Skriflesing Handeling 9: 1 – 6; 10 – 12. Handeling 22: 10 – 16

Tema Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

1. Ons het verlede Sondag na die gebed in Psalm 74 gekyk dat God self sy tempel wat 'n puinhoop is sal herstel sodat die kerk in balling weer na hul aanbiddingsplek kan terugkeer. Dit is 'n gebed dat die Here die oorwinningstekens van afgodsdien sal verwyder sodat die kerk weer die tekens van die Here sal kan sien en weer predikers van God se Woord kan hê.

Vanoggend gaan ons kyk hoe die Here deur sy Gees sy kerk bewaar en uitbrei teen die mag van afgodsdien wat die eredienste van die Here puinhope wil maak.

Dit sien ons in die baie besondere daad wat die Here gedoen het met Paulus op die Damaskuspad.

Op die Damaskuspad stop die Here 'n man wat sy kerk se eredienste in Damaskus puinhope sonder predikers en die tekens van die Here wil maak dood in sy spore en maak hom sonder dat Hy die Here ken 'n prediker van die evangelie en bedenaar van sy doop en nagmaal.

2. Hierdie gedeelte word tradisioneel in die kerk gepreek asof Paulus op die Damaskuspad tot bekering sou gekom het. Dit is volgens die boek Handeling glad nie wat met Paulus op die Damaskuspad gebeur het nie.

Om tot bekering te kom volgens die getuigenis van Handeling is om weg te draai van die Joodse godsdien volgens die wet en jou toe te keer tot Jesus as Here en Christus. Die bekering volgens Handeling is om tot geloof in Jesus Christus te kom. (Hand. 2: 38)

Ons moet die verskil sien tussen wat die Here doen met Paulus op die pad op pad na Damaskus toe en wat die Here met Paulus in Damaskus in Reguitstraat doen. Kyk wat sê Ananias vir Paulus in Reguitstraat binne in die stad Damaskus: “En nou, waarom aarsel jy nog? Staand op en laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy sy Naam aanroep.” (Hand. 22: 16)

Om die Naam van die Here aan te roep is nie sommer net 'n ritueel of 'n mantra soos in die Oosterse godsdienste nie. Om die Naam van die Here aan te roep beteken hier om jou geloof in Jesus as Here en Christus te stel. Hier word Paulus deur Ananias opgeroep om in Jesus Christus te glo en sy geloof in Jesus as Christus en Here te bely terwyl hy gedoop word. Paulus ontvang die vergifnis van Jesus Christus deur sy geloof en ook die teken van die doop dat Hy ingelyf is in Christus. Daarom verklaar Ananias volgens handeling 9: 17 dat Paulus met die Heilige Gees vervul word in Reguitstraat, volgens Handeling 22 deur sy geloofsbelydenis in Jesus Christus.

3. Wat hier in Reguitstraat gebeur, Paulus kom tot geloof, bely sy geloof, word deel van die vergifnis van sondes deur die Heilige Gees en word gedoop, het glad nie op die pad op pad na Damaskus gebeur nie.

Wat het op die Damaskuspad gebeur?

Volgens Ananias se woorde in Handeling 22: 14 het die volgende gebeur: “Die God van ons vaders het jou uitverkies om sy wil te ken, om die Regverdige te sien en om sy stem te hoor, want jy sal voor alle mense vir Hom 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.”

Die Regverdige wie Paulus sien op die Damaskuspad is Jesus Christus self. Die Here wat uit die dood uit opgestaan het, opgevaar het na die hemel en aan die regterhand van God die Vader as Christus en Here sit. (Hand. 2: 29 – 36)

Jesus het aan Paulus op 'n eenmalige wyse verskyn wat nooit weer met enige ander mens sal gebeur nie. Ananias stel dat die verskyning was sodat Paulus Jesus kon sien en hoor, sodat hy kan getuig oor wat hy gesien en gehoor het.

Jesus se verskyning op die pad van Damaskus en van Paulus wat nie net ongelowig is nie, maar 'n vervolger van die Here Jesus is, 'n apostel gemaak!

4. Ananias se verklaring moet u saamlees met Petrus se kwalifikasie vir wie 'n apostel kan wees in Handeling 1: 20 b – 22. Net na die Here se Hemelvaart het Petrus in 'n kerkvergadering van ongeveer 120 gelowiges gestel dat hulle as kerkvergadering iemand moet kies op die plek van Judas as apostel in te neem. Die kwalifikasie op as apostel gekies te word verduidelik Petrus dan só: “Daarom moet een van daardie manne wat die hele tyd saam met ons onderweg was terwyl die Here Jesus onder ons gekom en gegaan het, van die begin af, van die doop van Johannes af, tot op die dag wat Hy van ons opgeneem is, saam met ons as 'n getuie van sy opstanding optree.”

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

Die kwalifikasie van 'n apostel was dat hy die lewende Here Jesus moes gesien het en gehoor het, veral dat Hy die Here wat uit die dood uit opgestaan het en as mens aan hulle verskyn het, moes gehoor en gesien het. Die rede daarvoor is dat 'n apostel 'n getuie moes wees van die opstanding van die Here Jesus Christus en daarom Hom as opgestane Here moes gesien en gehoor het. Dit is soos Lukas self dit stel in Lukas 24: "Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my, en kyk, - 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie ... So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin en getuies van hierdie dinge wees.

Dit is hoekom die apostel Johannes sy eerste brief op hierdie besondere wyse begin: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aandagtig bekyk het, en wat ons hande aangeraak het aangaande die Woord van die Lewe, dit verkondig ons aan julle." (1 Joh. 1: 1)

Johannes is 'n apostel omdat Hy die Here Jesus gesien, gehoor en aan Hom geraak het! Om 'n apostel te wees wat getuig, moes jy die Here self gesien en gehoor het.

5. Paulus het tydens sy lewe tot en met die gebeurtenis op die Damaskuspad, die Here Jesus tydens sy werk op aarde en na sy opstanding uit die dood nie gesien of gehoor nie.

Daarom kon hy nie 'n apostel van die Here wees nie! Hy kon preek en 'n evangelis wees soos baie ander soos Barnabas, Titus, Timoteus, Epafroditus, Tigikus, Lukas Epafras en Aristargus. Almal predikers van die evangelie en bedienaars van die van die Woord van die lyding en opstanding van Jesus Christus. 'n Apostel moes egter die Here self gesien en gehoor het.

Kan u nou hoor wat beteken Ananias se woorde: "dat die Here Jesus aan Paulus verskyn het sodat Hy die Regverdige kon sien en sy stem uit sy mond kon hoor." Jesus Christus se verskyning en woorde maak Paulus 'n apostel net soos die ander apostels wat die Here gesien en sy stem gehoor het.

Met hierdie verskyning sien en hoor Paulus die opgestane Here Jesus net soos die elf apostels Jesus in die bo-kamer van die huis van Maria, die ma van Johannes Markus gesien het.

Paulus gee die Here se eie beskrywing van sy verskyning aan Paulus in sy vertelling voor koning Agrippa en sy vrou Bernice terwyl hy 'n gevangene in die tronk in die stad Caesarea was as volg: "En die Here het gesê, 'Ek is Jesus wie jy vervolg. Maar kom op jou voete, staan regop, want hiervoor het Ek aan jou verskyn: om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het en van dit waarvoor ek nog aan jou sal verskyn.'" (Hand. 26: 15, 16)

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

Paulus verduidelik self hierdie betekenis van die Here se verskyning in 1 Korintiërs 15: 3 – 9: “Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte, Hy is begrawe en op die derde dag opgewek volgens die skrifte, en Hy het aan Sefas verskyn, en toe aan die twaalf. Daarna het Hy aan meer as vyfhonderd broers tegelyk verskyn, van wie die meeste nou nog leef, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn, en toe aan al die apostels. As die laaste van almal het hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn. Want ek is die geringste van die apostels, nie geskik om ’n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van die Here vervolg het. Maar deur die genade van God is ek wat ek is.”

6. Deur aan Paulus te verskyn, die Here se laaste verskyning, soos Hy aan al die ander na sy dood verskyn het, maak die Here Jesus self van Paulus – ’n apostel wat kan getuig van die Here wat hy gesien en gehoor het.

U moet die verskil sien van wat die apostels met die eerste kerkvergadering in Jerusalem doen en wat die Here Jesus op die Damaskuspad doen. Die kerkraadsvergadering verkies ’n getuie, ’n gelowige, wat die Here gesien en gehoor het van sy doop tot en met sy opstanding uit die dood uit.

Die Here Jesus vat ’n ongelowige wat probeer om van sy kerk ’n puinhoop te maak, wat die Here nie tydens sy werk van sy dood tot en met sy opstanding uit die dood geken, gesien of gehoor het nie, en maak hom ’n apostel net soos die ander apostels!

U mag nooit sien dat Paulus op die Damaskuspad skielik tot geloof gekom het en daarom ’n apostel geword het nie. U moet die volmag en krag van die opgestane Here Jesus Christus hoor in sy verskyning aan Paulus!

Wat sê die Here volgens al hierdie getuienisse vir Paulus op die Damaskuspad?

Die Here sê: “Staan op en gaan na die stad en daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen” (Hand. 9: 6) en “Maar kom op jou voete, staan regop, want hiervoor het Ek aan jou verskyn om jou aan te stel as dienskneg en getuie van dit wat jy van My gesien het ...” (Hand. 26: 16)

Die Here sê vir hom hy is aangestel as dienskneg, dit is as apostel, hy moet na Damaskus gaan en daar sal die Here vir hom sê wat hy moet doen. Soewerein sê die Here hoe hy hom gaan gebruik en wat hy moet doen, en hy moet luister. Nie, hoe hy tot geloof moet kom en tot bekering moet kom. Die Here maak hom apostel en toe kom Paulus in Damaskus tot geloof.

7. Is dit anders as die ander apostels?

Dit is die opvallende! Wanneer het die ander apostels wat saam met die Here geleef en gewerk het tot geloof gekom in hom as die Here wat moes ly, sterf en uit die dood uit opstaan? Lukas beskryf dit duidelik. Paulus vra toe die here Hom stop: “Wie is u Here?” Die dissipels se reaksie toe hulle die opgestane Here sien is: “Hulle was verskrik en beangs en het gedink hulle sien ’n gees. (Luk. 24: 37) Nie een van die twaalf het in Jesus geglo as die Christus wat moes ly en uit die dood uit opstaan nie. Daarom het Judas Jesus verrai toe Hy met sy taak voorgegaan het, Petrus het Hom verloën en al die ander het Hom verlaat. Hulle het nie een in sy lyding en opstanding geglo nie. Toe die Here sy lyding en opstanding die eerste keer aangekondig het, het Petrus gesweer dat God nooit so iets sou toelaat nie. (Mat. 16: 22) en toe die Here dit die tweede keer doen het Johannes en Jakobus hulle self aangebied om Jesus se opvolgers te word as Hy sou dood gaan en nie meer hier is nie. (Mat. 20: 20)

Wanneer het die Here hulle as apostels aangestel? Terwyl hulle nie in hom geglo het soos wat Hy die Christus is nie! Net soos vir Paulus!

Eers met sy verskyning stel Lukas na Jesus weer vir hulle verduidelik het dat Hy moes ly en uit die dood uit opstaan, met sy verskyning aan hulle dat: “Daarop het hy hulle verstand geopen om die Skrifte te verstaan.”

Wat met Paulus gebeur is presies wat met al die ander apostels ook gebeur het: eers aangestel as apostels en daarna het hulle tot geloof in Jesus as die Christus gekom!

8. Met hierdie magsdaad wys die Here hoe Hy sy kerk bewaar, instand hou en uitbrei! Die Joodse Raad in Jerusalem wou van die aanbidding van Jesus Christus en sy eredienste, puinhoop maak onder die vaandel van Joodse geestelikheid. Hulle wou die Christus, hulle Christus maak soos hulle die Christus wou hê.

Dit is ’n Christus wat bevestig dat hulle liefde vir God en mense is reg en hulle liefde maak hulle God se bemaatigdes en verteenwoordigers op aarde. Hulle wou ’n Christus hê wie hulle by mense sou verteenwoordig as bemaatigde geestelike leiers om ander te leer hoe om lief te hê en te wys dat wie nie soos hulle is nie, liefdelose mense is.

Hulle wou die aanbidding van Jesus Christus wie ly en uit die dood uit opstaan vir mense wie se liefde nie reg is nie, en net reg is deur sy verlossingswerk, ’n puinhoop maak.

Dit was Paulus se geestelike drif. Hy gaan aan die aanbidding van Jesus Christus in Damaskus ’n einde maak deur Christene gevange te neem , boei en na Jerusalem te

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

bring om gezesel en dood te maak. Dit is wat die Jode in elke stad sou doen met hulle wie Jesus Christus aanbid!

Dink u self vir een oomblik in so 'n situasie in! Ons in hierdie dorp hoor hier kom 'n gevolmagtigde van die, in ons taal, Algemene Sinode, met die volmag deur die kerk en die regering om werklike arrestasies te doen van mense wat nie aanbid soos hulle voorskryf aanbid moet word nie. En net daarna hoor ons: "Daardie man is nou hier by ons en besig om vir mense te preek dat hulle God nie moet aanbid soos die Algemene Sinode voorskryf nie." Dit is presies wat die Here bewerk. Paulus gaan om die aanbidding van Jesus Christus in Damaskus 'n puinhoop te maak onder die magtekens van Joodse godsdiens en die eerste ding wat hy in Damaskus doen is op te preek dat Jesus die Christus is op só 'n wyse dat hy die Jode deurmekaar maak. (Hand. 9: 19 b en 21)

9. U moet hierdie magsdaad van die Here sien, dwarsdeur die hele openbaring in die boek Handeling! Paulus moes die aanbidding van Christus met geweld 'n puinhoop maak en toe stel die Here hom aan om dwarsoor die hele Palestina, Ciprus, Kreta Turkye, die Balkan state en Griekeland binne in Joodse sinagoges in te gaan en die evangelie van Jesus Christus te preek.

Die Joodse raad het beplan om die aanbidding van Jesus Christus 'n puinhoop te maak, maar die Here het die sinagoges van die Jode die begin van elke Christelike gemeente gemaak dwarsoor die hele bekende wêreld.

Paulus het elke keer die evangelie in 'n nuwe stad in 'n Joodse sinagoge begin preek en vandaar uit 'n gemeente vir die Here uit sy Woord vergader.

Dit is wat u moet raaksien in wat die Here met Paulus op die Damaskuspad doen – die Here vat hom wat die Here vervolg en die Here se aanbidding wil uitroei en maak juis die Here se vyand nog so in sy ongeloof, die werktuig van die Here vir die prediking van die evangelie en die bediening van die tekens van die Here, die doop en die nagmaal.

Die Here gee self predikers van sy Woord vir sy kerk en die Here self laat sy kerk die tekens van die Here sien! Hy maak selfs van hulle wat Hom beveg vir wie Hy is omdat hul hul eie Christus wil hê, die predikers van Hom as die Christus wat moes ly en as mens weer uit die dood moes opstaan.

Want dit is nie ons wie in Jesus Christus glo, wie deur die geestelikheid en geestelikes van hierdie wêreld vervolg word nie. Hulle vervolg Jesus Christus omdat hulle hul eie Christus wil hê om hulle eie geestelikheid teenoor die Here te wil regverdig en in God se Naam wil uitleef.

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

10. Met hierdie vervolging van die Here, sal Hy met sy vervolgers doen wat Hy met Paulus gedoen het.

Dit is net hoe Christus die Here van sy kerk is! Hy maak van hulle wat sy kerk 'n puinhoop wil maak, die predikers van sy lyding en opstanding en die bedienaars van die doop en nagmaal vir sy kerk.

Dit is mos presies wat die Here met Martin Luther gedoen het!

Hy het hom met een weerlig straal naby die dorpie Stottenheim vanuit sy regstudie tot binne in die klooster van Erfurt as 'n Rooms Katolieke priester ingeslaan! Met 'n weerlig straal het die Here van Martin Luther 'n Rooms Katolieke priester gemaak. 'n Rooms Katolieke priester wat nie glo in die evangelie nie. Die Here het hom nie 'n gelowige met daardie weerligstraal gemaak nie.

Dit het hy eers nadat hy priester en dosent in Wittenberg geword het, en besig was met die geestelikheid wat van die aanbidding van Christus 'n puinhoop gemaak het, dat die Here die evangelie in Wittenberg aan Martin Luther openbaar het.

En toe, net soos met Paulus, maak die Here deur die evangeliebediening deur Martin Luther van Rooms Katolieke katedrale, die vergaderplek, die aanbiddingsplekke van Jesus as die Christus. Vernietig die Here al die baniere van Rooms Katolieke geestelikheid, binne in Rooms Katolieke katedrale, kloosters en teologiese fakulteite!

Wie dink u het die evangelie soos dit in ons geloofsbelydenisse bely word die eerste keer in Europa gepreek en met die doop en nagmaal bedien?

Hulle was almal of Rooms Katolieke priesters, of net Rooms Katoliek of selfs Rooms Katolieke dosente! Hulle het die Here predikers van die evangelie van sy lyding en opstanding gemaak!

11. En ons vandag?

Ons is soos daardie Christene in die stad Damaskus wat hoor dat die geestelikes van ons eie kerk stuur nou mense uit om van die aanbidding van Jesus Christus 'n puinhoop in ons dorpe en stede te kom maak!

In ons eie kerk en eie fakulteite het mense besluit ons aanbidding van Jesus Christus is verkeerd. Hulle wil nou ons aanbidding van Christus 'n puinhoop maak vir die tipe Christus wat hulle nou vir hulle self sien. Die woorde wat van hierdie aanval op ons aanbidding saamvat is "fundamentaliste" en "Missionaal".

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

Wanneer ons Christus aanbid en dien soos ons dit doen is ons nou gebrandmerk as fundamentaliste. Ons lees en glo die Woord van God verkeerd en hulle sal vir ons wys hoe om die Woord van God wetenskaplik te lees en te glo. 'n Fundamentalis is nou al iemand wat glo net 'n man en vrou mag liggaamlik een wees. Daarom lei hulle nou studente op ons van ons fundamentalisme te kom verlos. Want dit is nou ons nuwe sonde waarvan ons bevry moet word – fundamentalisme.

Die ander manier waarop ons die verkeerde Christus nou sou aanbid is verwoord in die nuwe slagspreuk “missionaal.” Die sending wat die Here vir ons gegee het is nie meer die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus en die bediening van die doop en nagmaal nie. Dit is nou om missionaal te wees. Jy is missionaal as jy een of ander vorm van gewone gemeenskapsdiens vrywillig en sonder vergoeding in 'n gemeenskap anders as jou eie gemeenskap gaan doen. Dit is wanneer jy in townships gaan strate skoonmaak, huise se dakke regmaak, kinders op pas en sopkombuise oprig. Met hierdie vrywillige gemeenskapsdiens glo hulle is jy nou besig om God self in townships te verteenwoordig. Só wil hulle ons kinders gebruik vir hulle welwillendheid-aksies om 'n nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap te skep terwyl sending as die verkondiging van die evangelie doodloop en puinhoop word.

Kerkvergaderings waar mense hulle nou self sien as bestuurders van spiritualiteit en opgeleide studente wat ingestel is om “fundamentalisme” te kom uitroei, wil werklik ons aanbidding van Jesus Christus 'n puinhoop kom maak, en studente is daarvoor opgelei en bemaagtig.

12. Wat is ons reaksie as hierdie gerugte, wat baie keer waar is, hoor: “Hulle stuur nou studente uit, geestelike leiers uit, en spirituele beraders uit om ons aanbidding van Jesus te kom verander vir hulle Christus-visie?”

Ons eerste reaksie is gewoonlik “Ons loop” en “Ons gaan weg.” Waarvan? Van die gemeente waar ons die Here Jesus Christus aanbid volgens sy Woord?

Daarom moet ons net onthou hoe werk die Here Jesus met sy kerk. Want teen wie dink u is hierdie geestelike aanval gerig? Is dit teen ons of teen die Here Jesus Christus wie ons aanbid? Hoor weer wat die Here met sy kerk in Damaskus gedoen het! Almal in die dorp hoor hier kom 'n bevoeligmagte van die Hoofraad om ons aanbidding in puin te kom lê! En wat is die eerste nuus onder uit die dorp Damaskus vanaf Reguitstraat? Daardie bevoeligmagte wat Jesus Christus kom vervolg het, is daar onder in die dorp besig om te preek dat Jesus die Christus en Here is!

Dit is net soos met Martin Luther! Wat doen hierdie nuwe priester in Wittenberg? “Nee wat man, hy is weer besig met die Roomse mis, en rituele, en vagevuur bangmaak preke, die aanbidding van Maria en mense wat spesiaal heiliger is as ander, net nog 'n Roomse priester wat van die aanbidding van Jesus Christus 'n puinhoop onder die banier van Roomse Geestelikheid kom maak het!” En dan skielik

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

vra iemand wat maak hy nou. “Ons weet nie maar hy preek net geloof in Jesus Christus en verwerp die pous en Roomse afgodsdienste in Wittenberg waar hy priester en dosent van Roomse Geestelike moes kom wees het!”

Die Here het van sy vervolger en vyand ’n prediker van sy evangelie gemaak! En as u dink dit is net ’n uitsondering, dan moet u vir u self indink dat op 31 Oktober 1517 is dit net Martin Luther wat die afgodsdienste verwerp vir die evangelie. Vyf jaar later word in die hele Noord Duitsland en Denemarke, en 25 jaar later oor die hele Europa gepreek en sy doop en nagmaal bedien, waar het al hierdie predikante wat die Woord verkondig vandaan gekom?

Hulle is nie in hulle eie fakulteit opgelei nie! Hulle was almal Rooms Katolieke priesters en geestelikes, vyande van die evangelie van Christus, wat Jesus Christus verkondig! Christus het sy vervolgers en vyande, predikers van sy Woord en bedienaars van sy sakramente gemaak!

13. Wanneer ons dan nou hoor wat tuur die kerk uit om eredienste puinhoop te maak, wat moet ons reaksie wees. En hierdie gerugte kom en is ook gedeeltelik waar: “hulle gaan op die kansel koms taan en vertel Jesus het nie regtig uit die dood uit opgestaan nie, dit is net “metafores”, maar belangrik vir ons spiritualiteit! Ons moet seksuele verkeer van mans met mans en vroue met vroue as Jesus se liefde aanvaar.”

Wie kom hulle aanval? En dit moet u onthou! Hulle kom die Here wie ons aanbid aanval en Hom ’n puinhoop maak vir die nuwe Christus-visie” wat hulle al weer vir hul self opgemaak het! Hy is die teken van hul woede en vyandskap en daarom moet u eerste nadenke wees oor wat gaan Jesus Christus met hulle doen wat gevolmagtig is met hul wetenskaplikheid om van Hom ’n puinhoop te kom maak.

Wat dink u gaan met ons gebeur in die kerk van die Here. Kom ons hoor weer wat die Here met die apostels en Paulus gemaak het, aangestel as predikers van die evangelie en bedienaars van sy tekens, nog voor hulle tot geloof in sy lyding en opstanding gekom het! Die Here het studente geroep om sy woord en tekens te kom bedien, en wanneer hulle uittrek om sy kerk te vervolg, in hulle ongeloof, dan gaan Hy hulle stop en die predikers en dienaars maak wat Hy hulle voor geroep het. Terwyl hierdie studente ’n verkeerde evangelie of glad nie die evangelie geleer word nie, sal die Here hulle predikers van die evangelie maak!

Dit is wat hy doen! Hy roep jou tot die bediening terwyl jy nie eers weet wat is die evangelie nie. Onthou net wie word aangeval! Jesus Christus! Kom ons wag met ’n stukkie nuuskierigheid en kyk wat die Here gaan doen met hulle wie Hy klaar geroep het, en onder die waas van liberale wetenskaplikheid aangehits word om ons aanbidding ’n puinhoop te kom maak! Hy gaan teen almal se bedoeling in sy vervolgers, sy dienaars maak en die evangelie aan hulle openbaar!

Christus maak van sy vervolgers predikers van die evangelie

Kom ons wag vir die Here! En dit beteken nie ons luister en vat nonsens van ons kansels af nie. Maar die Here roep en maak predikers van sy Woord en tekens, ook van sy vervolgers.

14. Ek wil vanoggend afwyk van die wyse waarop ek altyd preek, net ter toeligting vir hierdie preek, en u iets van myself vertel. Dit is soos Paulus in 2 Korintiërs stel dat as ons dan dwaas moet wees en oor onself moet praat – ek kan dit ook doen! Hoe dink u het ek as u leraar 'n prediker van die evangelie en bedienaar van die Here se tekens geword?

Ek is deur die valse godsdiens van die NG Kerk bekeer, presies net soos ek vandag vir u preek dat ons nie tot bekering kan kom nie, omdat dit nie bekering tot Jesus Christus is nie. Op Hartenbos het die dominee met 'n preek in die amfiteater vertel dat iemand in die gehoor 'n predikant moet word van hierdie valse godsdiens in die NG Kerk. Ek het hierdie roeping aanvaar en toe begin om kinders by die skool, mense op Hillbrow se strate, die koshuis op universiteit en Hartenbos se strande te bekeer op so 'n wyse dat hulle nooit weer in die Here Jesus sou kon glo na ek hulle met die NG Kerk se tradisionele bekering bekeer het nie.

En toe openbaar die Here aan my in my 5 de teologiese jaar die inhoud van die evangelie en maak my 'n prediker van die evangelie en bedienaar van sy tekens. Iets wat die kerk en die fakulteit nie met my gemaak het nie!

Ek was opgelei om die eredienste puinhoop onder die vaandel van die NG Kerk se spiritualiteit te kom kom maak!

Die Here maak van sy vervolgers en vyande bedienaars van sy Woord, baie keer nog voor hulle die evangelie ken en glo! Dit is hoe die Here sy kerk bewaar, lei en uitbrei!

So waarvoor moet ons bang wees as ons hoor: “Hulle het vir Paulus gestuur!” Hulle moet Jesus liberaal en 'n afgod in sy eie kerk kom maak! Die Here vat hulle wat Hom vervolg, stop hulle en vertel hulle hulle is nou predikers van sy evangelie. Dit is net wat die Here doen en Hy sal dit ook met liberaal opgeleide studente doen!

“Gaan wag tot ek vir jou wys wat om te doen!” “Ja, Here!”

Kom ons vertrou die Here!